

# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100  
012 330 0110  
Faks: 012 331 4916  
E-pos: villiesskool@icon.co.za



Posbus 31520  
Totiusdal  
0134

Ben Swartstraat  
Villieria  
Pretoria  
0186

## NUUSBRIEF 14

24 April 2017

Geagte Ouers

### OMSENDBRIEF 2-2017

As gevolg van Departementele vergaderings aangaande die "Online" registrasie van die Graad 1 leerders van 2018 wat plaasvind, moet ons ongelukkig die uitgee van Omsendbrief 2 uitstel tot 2 Mei 2017.

### GRAAD 1 2018 REGISTRASIEPROSES

Mnr Haasbroek en die personeel wat betrokke is met die registrasie van die Graad 1-leerders vir 2018, woon vandag 'n vergadering wat deur die GDO belê is by om verdere inligting te bekom. Neem asseblief kennis van 'n uiters dringende inligtingsvergadering wat op **Dinsdag, 25 April 2017 In die skoolsaal om 19:00** sal plaasvind. Tydens die vergadering sal die nuutste inligting wat tot ons beskikking is, in verband met die "Online" registrasieproses aan u deurgegee word.

### NETBAL

Die O/10 tot O/13 netbaldogters speel Dinsdag, 25 April 2017 'n ligawedstryd teen Laerskool Magalieskruin tuis. Die dogters ontvang vandag 'n program. **Neem asseblief kennis dat die wedstryd van Donderdag, 4 Mei 2017 teen Laerskool Haakdoorn gekanselleer is. Hulle kan nie meer die dag mee maak nie en ons ontvang dan punte vir die dag.**

### SKAAK

Die skaakoefeninge begin weer op Maandag, 24 April 2017. Hierdie oefening is op Maandae en Woensdae vanaf 13:30 tot 14:30. Die Graad 2 en Graad 3 leerders oefen by me S Nel in kamer 53 en die Graad 4 tot Graad 7 leerders oefen by me A van den Heever in kamer 43. Gedurende die kwartaal sal skaakspanne gekies word. Indien u kind in die O/9, O/11 of O/13 skaakspan is, speel hulle die ligawedstryde op Saterdag, 20 Mei 2017. Reëlings i.v.m. dié dae sal later deurgegee word.

### RUGBY

Rugbyoefentye soos normaal.

## **REVUE**

Daar is normale oefening vir beide groepe ongeag die langnaweek wat plaasvind. Elke oefening is nou van groot belang. Daar word nou baie nuwe danse aangeleer.

## **EISTEDDFOD**

Oefening gaan normaal voort. Graad 4 en 5 oefen op Maandae vanaf direk na skool tot 14:30. Graad 6 en 7 oefen op Woensdae direk na skool tot en met 14:30. Dit is baie belangrik dat die leerders getrou kom oefen. Die week van 22 tot 26 Mei 2017 vind die Eisteddfod plaas. 'n Brief met verdere inligting volg binnekort.

## **WELSPREKENDHEID**

Die leerders ontvang die temas op Dinsdag, 25 April 2017. Verdere inligting hieromtrent sal per brief deurgegee word.

## **SAKKEPROJEK**

Hierdie week sal ons op Woensdag, 26 April 2017 vanaf 06:30 tot 13:00 sakke uitdeel. Leerders moet ook asseblief dan hulle sakkelyste saambring skooltoe om in aanmerking te kom vir weeklikse pryse. Alle bestellings wat reeds betaal op Vrydag, 21 April 2017 betaal is, kan die sakke kom afhaal.

## **BOUWERK OP SPORTGRONDE**

Ons vra om verskoning vir die feit dat die leerders nie op hierdie stadium op die sportgronde kan speel gedurende pouses nie. Daar is op die oomblik 'n paar opknappingsprojekte aan die gang.

Vriendelike groete

---

A J GROBLER  
ADJUNKHOOF